*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 16 Augustus 2026**
**Nagmaal**

**Suiwer én opreg, waarheid én liefde, lig én warmte –**

*“Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Pergamum: ‘Dit sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het, ‘Ek weet waar jy woon... Jy hou aan my Naam vas. ... Maar Ek hou ‘n paar dinge teen jou: Jy het mense in jou midde wat die leer van Bileam aanhang... Kom dan tot bekering, anders sal Ek baie gou na jou toe kom, en met die swaard van my mond teen hulle oorlog maak. Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan wie oorwin, sal Ek van die verborge manna gee, en Ek sal vir hom ‘n wit klippie gee, ja, waarop ‘n nuwe naam gegraveer is...”*
(Openbaring 2:12-14, 16-18)

Die derde brief uit die posbode se sak van Patmos af, moes in Pergamum afgelewer word, ‘n stad met destyds so 12 000 inwoners, bykans ‘n derde van hulle slawe, waarvan heelwat Jode en Christene was – ook dáár dus, ‘n gemeente (of aantal huiskerkies). En soos aan Efese en Smirna, die eerste twee gemeentes op die grootpad deur Klein-Asië, volg hierdie brief ook die vaste patroon: Eers die adres en profetiese aankondiging van Wie dit kom, *“Hy met die skerp swaard met twee snykante”* (2:12). Dan die briefliggaam, met die *“Ek ken die plek waar julle woon”* (2:13); daarna *“Jy hou aan my Naam vas”* as ligkant van die gemeente (2:13); maar die skadukant dat daar gemeentelede is wat hul skuldig maak aan *“die leer van Bileam... (en) die Nikolaïete”* (2:14-15); en dan die uitkoms as ‘n ernstige oproep, *“Kom tot bekering!”* (2:16). En eindig die brief met die refrein om te *“luister na wat die Gees vir die gemeente sê”*, want daar wag ‘n wonderlike belofte vir hulle wat volhard (2:17-18)...

Soos met elke brief, dui hierdie belofte op die uniekheid van elke gemeente se gawes én uitdaging, en in Pergamum se geval was dit tweërlei, twee bedreigings: dat hulle sou swig onder die eis en die swaard van die Romeinse keiserkultus (*“die troon van Satan”*, 2:13) om die enigste Naam – Jesus Christus – te verloën; en die ander, dat hulle sou swig onder die verleidinge van die kultuur en feestelikhede van ‘n onsedelike stad (die eintlike *“leer van Bileam”*, 2:14). Néé, moedig Johannes – en Jesus (!) – van Patmos af aan: Hou jul oog op die wit klippie met die Naam, en blý gevoed deur die ware brood van die lewe...

Dit is 2026, en die begin van ons feesmaand: Wat moet Berg-en-Dal hoor fluister die Gees?

**JL.**

Hartlik welkom by ons Nagmaalsdienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; en in die saal deur ds. Johan Marais en dr. Matildie Wium. Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. ‘n Spesiale woord van welkom aan teologiestudente van die NG Kerk in Afrika, wat gister weer hier by ons opleiding ontvang het en vanoggend ook in ons aanbidding kom deel.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

**Verwelkoming...**

**Oomblik vir bewuswording en stilgebed**

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | "Halleluja! U is Koning" (Lied 176: vroue, mans, almal) |
| **Votum en Seëngroet** | (uit Openbaring 1:4-8 en 5:13) |
| **Loflied:** | "Ek wil die Here loof en prys" (Psalm 104)<br>**Beurtsang:** 1a, 3v, 7m, 10v, 12m en 16a |
| **Gebed en gebedslied:** | "Gees van God wat in my woon" (Lied 442:1) |
| **Skriflesing:** | Openbaring 1:9-13a, 17 en 19<br>Openbaring 2:12-17 |
| **Gebedslied:** | "Gees van God wat lewend maak" (Lied 442:2) |

**Woordbediening**

**Moment vir stilgebed, verootmoediging en toewyding**

**Herinnering aan die betekenis van die Nagmaal, Geloofsbelydenis en Tafelgebed**

**Nagmaalslied:** "Eet die brood" (Lied 303 – Afr & Eng)

**Uitdeel van die Nagmaalstekens**
(ons wag tot almal ontvang het, ook die diakens, en volg dan die instellingswoorde)

**Instelling van die Nagmaal – brood en wyn...**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Oproep, uitnodiging en uitsending**

**Studentekoor van die NG Kerk in Afrika**

**Aansteek van die Derde Kandelaarkers om die boodskap aan Pergamum te onthou...**

**Slotlied:** "Op vaste fondamente" (Lied 478:1, 2 en 4)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 16 Aug | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 17:00 – Bybelvasvrae vir Katkisante; **ons begin al 16:00 saamkuier!** |
| Donderdag, 20 Aug | 11:00 – Biduur by Siësta: Ds. Johan Marais. |
| Sondag, 23 Aug | 09:30 – Ds Jan Lubbe (Bybelsondag); gesinsdiens – ds. Janke Hurter. |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 16 Aug | JP Jonker, Pieter Joubert, Doug Louw, Johan Pretorius, Naas v Wyk, Ben Vermeule |
| 17 Aug | Abi Barnard, Juno Carstens, Brian Coetsee, Rhona Lategan en Amanda Lombard |
| 18 Aug | Felicity Borcherds, Ockert Claassens, Lydia de Villiers, Greta Maschke, Martie v Zyl |
| 19 Aug | Rina Claassens |
| 20 Aug | Mia Alberts, Liam Swart en Ellie van der Westhuizen |
| 21 Aug | Mandie Cilliers en Simon Laubscher |
| 22 Aug | Trudi O'Neill |

Ons gebede klink op vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Mornay Pretorius (Waverleyweg 120, wyk 20a); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b); Tannie Marietjie Vermaak (Kiepersol 2, Wyk 16); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en dr. Wynand Retief (Serenitas 96, wyk 15a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Vergaderings:**
**Dagbestuur -** Maandag, 17/8 18:00
**Kerkraad -** Sondag, 23/8 18:00 (ons open met die aanddiens in die kerk)

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Augustus** is dit die beurt van **Wyke 18** (Verre Noorde), **19** (Bayswater en ooswaarts) en **20** (Waverley) om te sorg vir ons gasvryheidsbeurte: Vrydagaande met die ete by Bloemshelter/Towers of Hope, en Sondae met die koffie/tee in die binnehof ná die erediens – indien jy ook wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie!

**Wyksbyeenkoms vir Jonggesinne & kinders:** Vanmiddag 12:00 @ Yorkstr. 1, Waverley – kontak Jacques Potgieter (079 525 7474).

## BEDIENINGE

### GEMEENTE- & JEUGBEDIENING

**Augustus is Bybel-in-Afrikaansmaand:**

Ons vier weer dankbaar vanjaar die vertaling van die Bybel in Afrikaans, en gun dit ook vir ander. Kom deel volgende Sondag in ons erediens, met 'n uitstalling, muntlegging en tee daarná in die binnehof!

### FEESPROGRAM 2026

Berg-en-Dal gedenk in September 2026 dankbaar ons sewentigste bestaansjaar (1956). Ons nooi almal nou reeds uit na die volgende feesgeleenthede:

- Augustus: Bybel-in-Afrikaansmaand (sien bo alle inligting)
- Vrydagaand, 21/8 Botshabelo Koorfees by Berg-en-Dal (18:00)
- Sondagoggend, 23/8 Erediens met Koor en Reüniegroepe van Sentraal (09:30)
- Woensdag, 9/9 Spesiale Seniorbyeenkoms (09:30)
- Vrydag, 18/9 Kermis vanaf 12:00; Kinderpartytjie 15:00; Padwedloop 18:00…
- Sondagoggend, 20/9 Feesdiens, Doop en Lentelofprysing (09:30)
- Sondagaand, 20/9 Orrelkonsert deur dr Johan Cromhout (18:00)
- Dinsdag, 22/9 Oggendwyding en danksegging (07:00)

Ons nooi alle lidmate om op of rondom **22 September 70 minute** van dankbaarheid iewers in die gemeenskap of by die gemeente, as 'n vrywilliger van jou tyd, aandag, gawe en energie te kom/gaan gee – dink solank wat jý kan doen om vir iemand of iets anders, daardie dag die lewe 'n lied te maak…

**18 September: Berg-en-Daller 2026 Pentagon Pistols Padwedloop**

Aanlyn inskrywings is nou oop! https://www.entryninja.com/events/84353-berg-en-daller – sien advertensie vir meer inligting... En begin oefen – uit met daardie tekkies!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 16 Augustus: **Sinodale Mediateek.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**